



Tel: 028 8401120
E-Pos: info@vilko.co.za
Web: www.villiersdorpko-op.co.za

NUUSBRIEF - DESEMBER 2016

Ons jaarvergadering is sopas afgehandel. Die goeie opkoms na die algemene jaarvergadering is vir ons sinoniem met die lojaliteit wat ons ervaar van ons lede.

Vir diegene wat dit nie kon maak nie is dit vir ons aangenaam om te rapporteer dat u koöperasie weereens 'n uitsonderlike goeie jaar beleef het EN AS SULKS KERNGESOND IS. Die finansiële state is ter insae beskikbaar by die administratiewe afdeling.

Ons het in die vorige nuusbrieff die veranderinge by Villiersdorp Tak breedvoerig toegelig en 'n paar fotos het die werk in proses geïllustreer. Hieronder kan u gerus fotos van die voltooide werk gade slaan.

Die voltooide goedere ontvangsarea (ou stokery). Agterna is dit ook nog geplavei.



Let op die deur op sykant vir vorkhyser laai.

Die voltooide grondvloer van die ou stokery met kantoor. Voorrade word nou hier ontvang, geprys en op stelsel gelaai voordat dit deur die groot deur na die winkel gaan en op rakke geplaas word.



Die boonste vloer van die goedere ontvangsarea waar voorraad met 'n vorkhyser ingelaai kan word en waarvandaan dit dan deur die traliehek op die mezzanine platvorm in die winkel uitgestal sal word.



Die volgende fase wat vroeg in die nuwe jaar gaan afskop is die aanbou van 'n stoor vir Intelligro by die Vyeboom tak onder 'n huurkontrak met Intelligro om sodoende die huidige Intelligro stoor beskikbaar te kry vir ons eie winkel vergroting.

Die aanbou van 'n stoor te Greyton en Ceres sal ook in die nuwe jaar aandag kry.

Vilko het onlangs as hoofborg by die Villiersdorp Skou se "Kry Mekaar" funksie opgetree en die motiveringspreker wat gesamentlik met die Villiersdorp Tafelronde vir die aand gereël was, was Hein Wagner van die Instituut vir Blindes oftewel Kaleidoskoop soos hulle nou bekend staan. Hein sê hy het al by baie gehore opgetree maar nog nooit saam met 'n klomp skape 'n verhoog gedeel nie.



Hein se praatjie was 'n inspirasie met alles wat hy al vermag het nie teenstaande sy gebrek. Sy vraag aan die einde aan almal was: "Ek kon alles doen met vier sinne, jy het vyf, gebruik jy al jou sinne ten volle om voluit te lewe?" Hein het al die ABSA Cape Epic fietsren voltooi en hou ook die wêreld landspoed rekord vir gesig gestremdes.

Barend Visagie is onlangs genooi deur Agriplas om saam met hulle die Eima Tradefare in Bologna in Italië by te woon. Hier volg Barend se terugvoer:

"Dit is een van die grootste landbou tentoonstellings in die wêreld met 'n besoekersgetal van 285000 vir 2016. Daar is meer as 1800 uitstallers wat die hele landbou spektrum dek. Die doel van die besoek was om nuwe tegnologie te ondersoek, veral by kunsmis inspuit toerusting (fertigation)".

"Interessante nuwe tegnologie word in drupperpyp gebruik om alge groei te bekamp. Die plastiek van die pyp word chemies behandel om die groei van alge te inhibeer. Meganisasie is die toekoms en daar was verskeie implimente wat deur een bewerking 'n groot verskeidenheid take verrig".

Barend wil sy dank uitspreek teenoor Agriplas en die Direksie van Vilko vir die geleentheid wat hy gebied is om die skou by te woon.

Met die Kerseisoen op hande versoek ons die lede en kliënte om kennis te neem van die dae waarop die handelstakke gesluit sal wees.

- Saterdag 24 Desember 2016
- Maandag 26 Desember 2016
- Dinsdag 27 Desember 2016
- Saterdag 31 Desember 2016
- Maandag 2 Januarie 2016

Lede kan egter in noodgevalle die takbestuurder skakel wat sal uithelp of iemand sal reël om uit te help.

Alhoewel die bouwerk by Villiersdorp tak al afgehandel is, moet die winkeluitleg nog gedoen word maar wou ons nie gedurende die spits seisoen die lede verontrief nie. Ons vra net nog 'n bietjie geduld tot einde Februarie aanstaande jaar waarna alles afgehandel behoort te wees.

Ons het dit nietemin goed gedink om steeds voort te gaan met 'n vakansie promosie en word die spesiale aanbieding op die aangehegde blaadje getoon.

Ons wil verder van die geleentheid gebruik maak om aan al ons lede en kliënte 'n Geseënde Kersfees 'n voorspoedige Nuwe Jaar toe te wens.

Ben Klindt
Desember 2016